

RHINOS ALIVE !

SAJWV SE BENADERING TOT RENOSTERBEWARING

in samewerking met die Wildlife Industry Trust

AGTERGROND, FEITE EN AKSIE

"My seuntjie van 8 jaar het my onlangs gevra of ek nie met die stropers kan reël dat hulle die horings moet neem, maar die renosters lewendig moet hou nie. As 'n kind hierdie oplossing kan raaksien, hoekom is dit vir hoogs intellektuele wetenskaplikes so moeilik om raak te sien?"

Dr JG du Toit 2011.

AGTERGROND

Mens kan die vraag vra of Suid-Afrikaners bereid is om toe te kyk hoe een van die meer prominente simbole van ons natuurêre erfenis so uitgeroei word dat dit vir ons kinders se kinders slegs op toekomstige R10 note behoue sal bly.

Op hierdie vraag lyk dit asof daar twee verwante, maar

tog ook uiteenlopende antwoorde is. Die eerste, miskien 'n vinnige en "kort" antwoord, is 'n duidelike, **nee** !

Daar is sedert middel 2010 'n drasties groeiende bewuswording en groot teëkanting teen die onwettige handel in renosterhoring wat gepaard gaan met die on-

nodige dood van die diere. Dis so amper asof die gemiddelde Suid-Afrikaner nou 'n gemeenskaplike vyand in die renosterstropers "ontdek" het. 'n Stropers wat nou nie meer net die klere van die onderling en die stereotipe wilddief met sy kabelstrikke of AK47 dra nie, maar ook na bewering vanuit die spreekkamer van die veearts en die kantore van die wildboer, helikopterloods en die beroeps-jagter opereer. Laasgenoemde gevalle waarskynlik dan ook die grootste enkele katalisator vir publieke woede en verontwaardiging wat gelei het tot die insamel van miljoene Rande ten bate van verskeie programme wat op anti-renosterstropers gerig is.

Ongeag die opwelling van groot emosie en gevolglike welwillendheid as aanduiding van die erns waarmee Jan Publiek die probleem bejeën, bly hierdie prysenswaardige aksie(s), egter konstant reaktief. Bykomende kan die vrae dan ook gevra word; wie koördineer die aanwending van hierdie groot bedrae geld? En wie doen aan Jan Publiek wat die geld geskenk het, verslag oor hoe dit aangewend is ?

Die tweede en "lang" antwoord op die vraag, alhoewel steeds 'n besliste **nee**, is egter meer gekompliseerd. Dit is ook die antwoord wat die SAJWV aan die uitdaging koppel omdat dit die enigste wyse is om die probleem sonder emosie, sinvol, realisties, en werklik verantwoordbaar te bestuur.

Hierdie antwoord het in sy wese te make met hoe die probleem van renosterstropers pro-aktief bestuur moet word om te verhoed dat ons kinders se kinders slegs renosters in die toekoms op papiergeld sal kan sien. Deur konstant pro-aktief op te tree word verseker dat renosters as lewende diere, ekonomies gesproke, meer waarde sal bly behou teenoor slegs die ekonomiese waarde wat, eenmalig, aan die dooie dier se horing(s) geheg word.

Waar daar letterlik honderde volstruise en krokodille jaarliks geslag moet word vir hulle velle, kan die renoster se horing twee-jaarliks geoes word (\pm 2 kilogram elke 2 jaar @ R400,000 / kg) sonder dat dit die diere op wildplase enigsins in hulle reproduksie of in hulle gedrag benadeel. En die diere bly steeds lewend !

Ja dit is nie soos die dier moet lyk as die horing af is nie. Niemand wil dit so sien nie. As dit egter die dier se lewe red is daar baie voor te sê – veral op omheinde wildplase. Indien die horing van so 'n dier afgesaag sou word, en mens sou so 'n dier dan te besigtig kry, dan weet mens ten minste hoekom dit so is. Daar is nie werklik, volgens bekende wetenskaplikes, rede waarom renosters op wildplase deur die proses benadeel sal word nie. Stropers skiet ook nie die diere waarvan die horing afgesaag is, op wildplase soos wat dit in die Zambesievallei aageteken is nie, want hulle hoef nie op wildplase vir kilometers agter die diere aan te loop nie (hulle wil in elk geval so sag as moontlik, vinnig in, en vinnig uit).

Netso is dieselfde wetenskaplikes van mening dat selfs in die natuur die proses nie nadelig sal wees nie. Renosters is nie op lees se spyskaarte nie (en ook nie omdat renosters horings het nie). Weer eens; as dit die prys is wat betaal moet word om diere lewend te hou, dan moet daar eers bewys word dat die afsaag van horings renosters beslis in die natuur benadeel.

Dit is 'n kontroversiële benadering. Mens verstaan dit ook so. Onooglik is dit beslis!

Dit is egter ook aan die ander kant duidelik dat daardie groep wetenskaplikes wat betrokke is by formulering van beleid ten opsigte van die bestuur van renosters, tot op hede en bewysbaar, nie beter bestuursmetodes aan die

hand kon doen nie. In wese gaan die argument dus oor die lewende dier en die inherente waarde van renosters, teenoor die dooie dier en die eenmalige ekonomiese waarde wat aan die dier se horing gekoppel is.

Suid-Afrika is in elk geval die land waar die meeste renosters aangetref word. Met ons besondere stelsel van natuurlewebestuur met omheinde gebiede (staatsgronde en privaat wildplase), is ons waarskynlik die enigste land waar hierdie wyse van die bestuur van renosters terwille daarvan om hulle lewend te hou, aangepak kan word.

Dit gaan dus hier oor 'n benadering van pro-aktiewe bestuur deur volhoubare benutting van die lewende dier, teenoor 'n benadering van oorbeskerming en reaktiewe preservering van die spesie, wat tot op hede, en bewysbaar nie werklik suksesvol was nie. Daar is ook direkte aanduidings dat oorbeskerming deur die verbod op



Onthoringoperasie voltooi om te voorkom dat renoster gestroop word.

Foto: JG du Toit 2011

handel in renosterhoring, in Suid-Afrika direk daartoe aanleiding gegee het dat diere doodgemaak is ter wille van die medisinale gebruik van hulle horing (sien hieronder). Dit kan tog sekerlik ook nie goedgepraat word nie?

Hierdie dilemma in die bestuur van lewende renosters in Suid-Afrika, moet in krasse teenstelling gesien word teen die werklikheid dat letterlik miljoene Oosterlinge medisinale waarde aan renosterhoring heg. Hierdie werklikheid is gewoon so (mens kan dit nie wegwens nie). Reg of verkeerd is nie hier ter sprake nie. Mens verwys hier ook nie na die relatief klein mark vir renosterhoring vir die vervaardiging van die hef van die geboëlem Jambiya en Khanjar dolke in die Arabiese wêreld nie.

Daar is so 'n konstante aanvraag na renosterhoring as medisinale produk in die Oosterse mark, dat die vraag of die produk van 'n lewende of 'n dooie renoster afkomstig is, slegs vir mense buite die Oosterse lewenswêreld 'n kwelvraag is (SAJWV se lede en 'n groot aantal ander Suid-Afrikaners tel onder hierdie groep). Vir miljoene Oosterlinge is die beskikbaarheid van die produk van meer belang as hoe dit bekom is, vanwaar dit afkomstig is, of wat die koste is wat daaraan verbonde mag wees.

Westerlinge verstaan moeilik die waarde-oordele van status en rykdom wat aan 'n bord beerpootsop in die Ooste geheg word. 'n Bord beerpootsop, wat sonder 'n beerpoot daarin van nul en gener waarde is nie, en reeds in 1998 meer as \$500 per bord werd was, word deur baie Oosterse besigheidsmanne as doenlike simbool van rykdom en status beskou. Veral as meer as 12 ander besigheidsmanne aan die smulmaal kan deel. Vir 12 mense dus die pote van drie volgroeide bere, ongeag hoe die pote bekom is.

Hoekom sal die waarde-oordeel oor die medisinale waarde van renosterhoring dan deur prys benadeel word? Veral as die waarde van die “produk” net al hoër en meer eksklusief bekostigbaar sal word na mate die diere uitsterf (lees uitgeroei word).


Die Oosterse medisinale waarde-oordele oor krag uit natuurlike produkte is oor 'n tydperk van meer as 5,000 jaar geformuleer en in die kultuurwese van die mense ingebed. Daarom dan dat daar in Seoul alleen, 11 kolleges, 20 hospitale, 4,700 klinieke, 7,000 mediese praktisyns en 2,352 apteke is wat op die toedien en werking van Oosterse medisinale kennis konsentreer (hieronder tel renosterhoring, tierbene, leebene, en talle ander produkte van die aarde se natuurlike hulpbronne).

As grootste bewaringsorganisasie in Suid-Afrika, bly SAJWV egter oortuig daarvan dat lewendige renosters vir ons en ons kinders se kinders van meer waarde is as renosters wat vir hulle slegs behoue sal bly as herinneringe op fotografiese afbeeldings. Dit is ons oordeel dat dit waarskynlik makliker is om 'n paar duisend Westerse natuurliefhebbers se koppe te swaai om renosters deur volhoubare benuttingspraktyke lewendig te hou, eerder as om te probeer om miljoene Oosterlinge se waarde-oordele oor die krag van natuurlike medisynes wat vir meer as 5,000 jaar in hulle alledaagse kulturele lewe ingewef is, oornag te probeer verander.

Daarom dan ook dat SAJWV die stryd vir die behoud van lewendige renosters aanvoer en alles in die stryd sal werp om ons eie wetenskaplikes en beleidmakers te oortuig om met meer realisme na die volhoubare benuttingsbestuur van lewendige renosters om te sien. Sodoende kan ons as verantwoordelike bewaarders ons beskeie bydrae tot die voortbestaan van beide die wit- en die swartrenoster maak, sonder voorbehoud of voorwaarde.

RENOSTERBEWARING: BELANGRIKE FEITE

Die verhaal van die ommekeer van die moontlike uitwissing van veral die witrenoster sedert 1810 in Suid-Afrika word in Figuur 1 uitgebeeld.




Figuur 1: Verwerk uit gegewens van Du Toit, JG; 2011

Die getalle-verhaal in Figuur 2 oor renosterbewing sedert 1903 in die wêreld, vertel sy eie storie en vorm een van die hoekstene van die argument dat volhoubare benutting lewendige renosters baie meer werd maak, as dooie of uitgestorfe (lees uitgeroeide) renosters.


In Figuur 3 word die 2008 verspreiding van witrenosters op privateiendom in Suid-Afrika aangedui. Let op dat nagenoeg 600 van die diere buite hulle natuurlike verspreidingsgebied aangehou word (met dwars-strepias aangedui). 'n Aanduiding van die rol van wildplaaseienaars in die bewaringsgeskiedenis van die

renoster as 'n skaars spesie. Dit tensypte van die sterk betwiste en dikwels onrealistiese TOPS regulasies van die Departement Omgewingsake oor die aanhou van spesies in verskillende landstreke.



Figuur 2: Bron: Du Toit, JG; 2011

Tensypte van die groei in getalle soos in Figuur 2 aangedui, dui berekenings daarop dat indien die diere nie as eerste keuse in die periode 1961 tot 1970 na Afrika-lande en na ander internasionale bestemmings uitgeplaas was nie (Figuur 1), hulle getalle na berekening vandag soveel as 17,000 meer diere sou kon gewees het as hulle reg van die begin af, binnelands aan wildplaaseienaars verkoop was. Wildplaaseienaars het 'n groeisyfer van 6.1% in hulle renostergetalle oor die periode 1971 tot 1985 behaal. Buitelands het renosters se getalle in die periode 1961 tot 1970 met slegs 1,216 diere toegeneem.



Figuur 3: Louis van Schalkwyk grafieka in du Toit, JG, 2011

Die eerste witrenosters is in middel 1967 uit die Umfolozi en Hluhluwe Natuurreserve in KwaZulu-Natal, in privaatbesit op 'n enkele wildplaas uitgeplaas. Die eerste surplus witrenosterbulle uit hierdie teelprogram kon reeds in 1971 vir jagdoeleindes verkoop word. Daarna is renosters eers weer in 1979 vir 'n bedrag van R800 stuk, aan boere wie se plase aan streng ekologiese voorskrifte vir die aanhou van renosters voldoen het, verkoop.

Waar daar in 1984, slegs 80 renosters in privaatbesit was, het privateienaars van renosters in Suid-Afrika, in 2005, die tweede grootste groep van eienaars van die totale witrenosterpoel van 15,000 diere in die wêreld geword. Van hierdie diere was 69.7% (10,455) in besit van die Suid-Afrikaanse regering, 22.1% (3,315) in besit van Suid-Afrikaanse wildplaaseienaars, 6.8% (1,020) in besit van ander Afrika-lande en 1.4% (210) in besit van dieretuine reg oor die wêreld. In 2008 was daar nagenoeg 4,000 witrenosters in besit van wildplaaseienaars in Suid-Afrika.

Statistieke toon dat uit 'n volhoubare bevolkingsgroei van tussen 5% en 6% per jaar na 1970, daar tussen 1% en 2% van Suid-Afrika se renosterbevolking per jaar op wildveilings verkoop word. Daarom is die inkomste wat die staat uit die verkope van surplus witrenosters aan privateienaars bekom, van groot waarde in hulle eie bewaringsaksies.

Alhoewel die eerste wildveiling in Suid-Afrika op 7 Mei 1975 in die Hoedspruitdistrik aangebied was, is die eerste 6 witrenosters eers in 1986 deur die Natalse Parkeraad op veiling geplaas, waar al die diere vir 'n totale bedrag van R61,002 verkoop is. Die grootste aantal renosters wat tot hede op een veiling verkoop is, was 255 diere wat in 2001 vir 'n totale bedrag van R 34,8 miljoen verkoop is (hiedie 255 diere het in 2001, 2.24% van Suid-Afrika se totale renosterbevolking van 11,370 diere verteenwoordig).

In die periode 1986 tot 2009 is altesame 2,793 witrenosters in Suid-Afrika op veilings verkoop met 'n omsetwaarde van R407 miljoen. Die belangrike rol wat witrenosters op veilings speel word beklemtoon deur die feit dat hulle tussen 1986 en 2009, slegs 0.94% van alle diere op veilings uitgemaak het, maar dat hulle verkope, 28% van die totale omset van die veilings uitgemaak het. Van die hoogste pryse wat vir 'n witrenoster op veilings behaal is, staan op R720 000.

In 2005 het privateienaars op groot skaal renosters op veilings begin plaas, en het hulle in die periode 2005 tot 2008, 240 diere met 'n omset van bykans R45,5 miljoen op privateveilings verkoop. Die staat het in dieselfde periode 'n totaal van 518 witrenosters vir R98,4 miljoen verkoop.

Die renostermark word gedryf deur die verkope van surplus renosters op openbare veilings waar die prys bepaal word deur trofeeëjagters. Dit stimuleer weer nuwe grondeienaars om in die wildbedryf te belê en nuwe grondeienaars tree jaarliks tot die mark toe. Daarbenevens word volwasse surplus bulle meestal gejag terwyl surplus jong diere uitgevoer word na safariparke en na dieretuine in ander wêrelddele.

Die gemiddelde veilingpryse van witrenosters was in die periode 1990 tot 1996 redelik konstant weens die politieke onsekerheid van die tyd, maar het in die periode 1997 tot 2002 redelike stygings begin toon weens die verswakking van die Rand teenoor die VSA dollar. Weens die versadiging in die trofeeëjagmark het pryse tussen 2003 en 2005 begin daal. Vanaf 2006 is daar egter 'n aansienlike styging in die markprys van witrenosters waarneembaar, hoofsaaklik weens die toetrede van Oosterse medisinale jagters tot die mark wat weer die prys van trofeeëjag van

renosters aansienlik laat verhoog het (veral Viëtnamese jagters tel onder hierdie mense).

Die voorafgaande syfers oor die langtermyn bewaring en benutting van witrenosters, deur veral die private sektor, dui daarop dat die bestuur van die diere op 'n gesonde grondslag in Suid-Afrika plaasvind. 'n Feit wat verder deur die bevolkingsgroei van die witrenoster sedert 1970 ondersteun word (Figuur 2).

JAG AS DRYWER VAN RENOSTERBEWARING

Teen die agtergrond van die voorafgaande, is dit duidelik dat jag steeds sonder twyfel, die “klein ratjie” is wat die “groot rat” van renosterbewaring aandryf.

Jan Publiek openbaar 'n bekommernis oor die afname in renostergetalle weens die onwettige stropery, en aanvaar dan oënskynlik sondermeer dat die wettige jag van die diere nie volhoubaar kan wees nie. Vir baie van hulle, soos vir baie wetenskaplikes, is die plaas van 'n verbod op die handel in renosterhoring asook die opskorting van die wettige jag van renosters, die enigste wyse waarop die renoster se voortbestaan verseker kan word.

In hierdie verband moet die teenvraag egter ook gevra word, naamlik; as die jag van renosters en die handel in renosterhoring verbied word in 'n poging om renosters só te bewaar, watter kragte gaan dan steeds in die private sektor inwerk wat dit vir privateienaars die moeite werd maak om renosters aan te hou? En in effek dan ook 'n baie groot deel in die bewaring van die diere te speel. Baie min, indien enige, privateienaars koop renosters aan om hulle bloot te besit of slegs na hulle te kyk.


Jag is egter ook daardie deel van renosterbewing waar die grootste klemverskuiwing plaasgevind het en waarby die grootste uitdagings in die geveg teen renosterstropery geleë is. Nie omdat jag as sodanig die probleem is nie, maar omdat jag van renosters ongelukkig as “rookskerm” gebruik word om die verbod op die handel in renosterhoring, tot nadeel van die renoster, te omseil. Waar renosters tot ongeveer 2004 hoofsaaklik vir hulle trofeë gejag is, het die aard van die jag sedert 2005 grootliks verander na jag terwille van die medisinale waarde van die dier se horing (uitvoer van trofeë van gejagde renosters met CITES permit om die horings uiteindelik so vir medisinale doeleindes te bekom – gesteelde renosterhoring verkoop vir R400,000 per kilogram [5kg @ R400,000 = R2 miljoen] – om 'n dier te jag behoort gewoonlik in die omgewing van R800,000 dan het mens ook die horing).

In die periode 1971 tot 2004 is daar 1,148 witrenosters wettig in Suid-Afrika gejag teen 'n gemiddeld van 36 per jaar (gemiddeld tussen 0.5% en 1% van die totale renosterbevolking per jaar). In die periode 2005 tot 2008 is egter 'n verhoging na 85 diere per jaar wat wettig gejag is, aangeteken ('n verhoging van 236% per jaar). 'n Totaal van 338 diere ter waarde van R120 miljoen is in die periode gejag. Van hierdie getal is 269 diere deur Oosterlinge gejag. Die gevaarligte het hier reeds begin flikker, maar is ongelukkig nie as sodanig deur die regering of ander bewaringsinstansies geïdentifiseer nie.

As aanvaar word dat die gemiddeld van wettige trofeë-jagte van witrenosters steeds op 36 sou bly vir die 4 jaar periode tussen 2005 en 2008, dan kan sekerlik beweer word dat in die periode 2005 tot 2008 ten minste 49 renosters per jaar in wettige jagte vir medisinale doeleindes gejag is. Daar kan dan verder aangevoer word dat hierdie 196 diere (49 x 4) strenggesproke dus

onnodig gejag kon gewees het, omdat hulle horing eerder geoes kon gewees het sonder om die diere te dood. As aanvaar word dat die meerderheid van die 269 renosters wat deur Oosterlinge in die periode gejag is vir medisinale doeleindes, kan die syfer van 196 waarskynlik nóg hoër wees.

Renosterstropery neem ook in hierdie tydperk aansienlik toe – toevallig is dit ook die tyd waarin die TOPS reguleringstelsel ingestel word. Figuur 4 dui die toename in renosterstropery tussen 1980 en 2010 aan.



Figuur 4: Bron: Du Toit, JG; 2011

In die periode 1980 tot 2004 is 148 renosters weens wild-diefstal gedood. Dus gemiddeld 6 diere per jaar. Hierdie syfer styg egter na 'n gemiddeld van 94 per jaar in die

periode 2005 tot 2010 (566 diere in totaal). Die totale berekende finansiële verlies wat gelyk word weens die strop van hierdie diere behoort nagenoeg R150,000 miljoen as alle kostes in berekening gebring word, van die verlies van die dier en sy horing tot bewaringsaksies en kostes om teen-stroopereenhede in bedryf te hou.

In 2010 alleen, is 330 diere weens stropery dood (146 in die Nasionale Krugerwildtuin, 57 in Noord-Wes, 52 in Limpopo, en 38 in KwaZulu-Natal).

Renosterstropery op private eiendom het vir die eerste maal in 2007 plaasgevind.

Tensypte van die feit dat wetgewing en regulasies oor tyd aangepas is, het dit nie beter wetstoepassing ten gevolg gehad nie omdat spesialis eenhede soos die Bedreigde Spesie-eenheid in die SAPD onder andere ontbind is. Spesialis kundigheid en koördinerende op sentrale en provinsiale regeringsvlak het ook stelselmatig ontoereikend

geword weens 'n gebrek aan toepaslike kapasiteit. Óf dit is so gefragmenteerd in die regeringsopset dat wetstoepassing baie swak uitgevoer word.

Bloot in terme van die rapporteringstelsel van provinsies ten opsigte van die jagpermitte vir renosters is daar 'n

beduidende afname waar te neem. Waar daar in 2005, tussen 10% en 30% onderrapportering was, het hierdie syfer na 70% toegeneem in die periode 2006 tot 2007. Provinsies het dus gewoon nie gerapporteer wanneer renosters in hulle verantwoordelike gebied gejag is nie.


Kommunikasie tussen regeringsdepartemente word verder ook aan bande gelê weens die kompleksiteit van die regering se funksionering wat konstant in 'n 1 tot 9 verhouding moet plaasvind (nasionale regeringsdepartemente word op provinsiale vlak gedupliseer – landbou, natuurbehouding en die SAPD moet sinvol kommunikeer, maar dis feitlik onmoontlik om 27 “entiteite” sinvol met mekaar te laat kommunikeer en hulle aksies te koördineer).

Kommunikasie tussen renostereienaars op 'n nasionale vlak het ook in die tyd baie verswak na die ontbinding van die destydse AROA (*African Rhino Owners Association*). Daardie eienaars wat deel is/was van WRSA (*Wildlife Ranching SA*), het wel 'n spreekbuis om met die regering te kommunikeer. Maar aangesien renosterstropery vir solank 'n betekenisvolle lae profiel gehad het (kyk 1980 tot 2006 syfers), is daar behalwe vir die anti-wildstroop-eenhede in verskillende natuurreservate en in nasionale parke, byvoorbeeld geen privaat sekuriteitsmaatskappye wat op die terrein van renosterstropery spesialiseer nie.

Figuur 5 dui vergelykend die wettige jag en onwettige stropery van renosters na die aanvang van die era van medisinale jag in 2005 aan. Openlike stropery het dus duidelik die wettige jag van renosters in 2009 verbygesteek (2010 se jagsyfers nog nie beskikbaar nie).

In die periode 2002 tot 2004 is daar deur wetstoepassing, 37 renosterstropers gearresteer en 84% van 75 renosterhorings wat gestroop was, is herwin. In die periode 2005

tot 2008 is 48 renosterstropers gearresteer, maar slegs 51% van 276 renosterhorings wat gestroop was, is herwin. Kortom, Suid-Afrika was sedert 2005, duidelik nie gereed om die aanslag wat op sy renosterbevolking geloods is, effektief af te weer nie.



Figuur 5: Bron: Du Toit, JG; 2011

Renosterstropery het jongslede in die dampkring van georganiseerde misdaad in beweging, en moet dus op hierdie vlak beveg word. Die Oosterse behoefte na renosterhoring vir medisinale doeleindes het ongeag die toename in wettige jagte van renosters vir hierdie doel, egter ook die deur oopgemaak vir die bevrediging van die mark deur onwettige renosterstropery.

Hierdie onwettige aktiwiteite word beslis verder aan die hand gewerk weens die verbod in die handel met renosterhoring en die moratorium wat deur die Departement van Omgewingsake sedert 2009 op die jag van

renosters geplaas is (al mag dit dalk slegs een van 'n paar faktore wees wat die aktiwiteit bevorder).

AKSIE

Tenspyte van die feit dat Suid-Afrika 'n ondertekenaar is van die Konvensie wat die Internasionale Handel in Bedreigde Spesie beheer (CITES), mag Suid-Afrika se renostereienaars nie met renosterhoring handel dryf nie. Die grootste enkele rede hiervoor is waarskynlik dat die bewaring van Suid-Afrika se renosters nie as voldoende beskryf kan word nie, omdat daar nie bewys kan word dat daar voldoende beheer oor die diere se produk is nie. Om die doelwit te bereik sal daar ook eers bewys moet kan word dat renosterstropery ernstig aan bande gelê is en dat die vervolging van mense wat onwettig met renosterhoring handel of smokkel (of stroop), positief veroordeel kan word.

Daar is egter beduidende aksies wat gedurende 2010 aan die orde gestel is om die stropery van renosters onder beheer te probeer bring.

- Die SAPD het weer 'n kerngroep van speurders as groenvalke op nasionale vlak aangestel. Hulle het reeds 'n Viëtnamese burger met renosterhorings op Oliver Tambo-lughawe aangekeer met behulp van DNA monsters wat deur die Veterinêre Genetiese Laboratorium te Onderstepoort ontleed is.

- Renostereienaars het sekuriteitsaksies begin loods, en weer 'n renostereienaarsvereniging op die been gebring.
- Die Trust vir Bedreigde Natuurlewe (EWT) het 'n beampte aangestel om boere spesifiek behulpsaam te wees met monitering van hulle renosters.
- Die Veterinêre Genetiese Laboratorium te Onderstepoort het reeds 'n paar honderd renosters se DNA op hulle databasis. Renostereienaars word konstant aangemoedig om die DNA-profiel van elk van hulle renosters op daardie databasis aangeteken te kry. SANParke het onlangs aangekondig dat hulle die laboratorium van hulp sal wees met fondse wat hulle uit die verkoop van olifantivoor bekom het. Hierdie bydrae sal waarskynlik aangewend word om DNA-profiel van die groot aantal renosterhoring wat in SANParke en in ander staatsinstellings se kluis geberg word, op die databasis aangeteken te kry. Die DNA-profiel van 'n renoster is 'n baie beter metode van identifikasie van individuele diere en hulle horings, as gewone mikroskopiese wat in horings ingeplant word. Hierdie renoster-DNA-databasis hou die verdere voordeel in dat renostereienaars inteling van hulle diere kan voorkom omdat hulle van die databasis af die beste teelmaats vir vroulike diere in klein kuddes kan bekom.
- Twee radiostasies het die publiek help mobiliseer om groot bedrae geld in te samel om renosterstropery te bekamp.
- SA Brouery het aan die einde van 2010 'n aansienlike bedrag geld aan die Wildlife Industry Trust oorbetal. Hierdie Trust wat onder voogskap van die SA Veterinêre Stigting van stapel gestuur is, se fokus is

gerig op die daarstel en instandhouding van 'n reeks van nasionale databasisse wat detail-inligting oor die volgende aspekte vervat:

- alle renosterhoring in privaat- en regeringsbesit plus die DNA-profiel van elke dier (en dus ook sy horing);
- alle jagte van wilde diere in die land;
- alle translokasies van wilde diere in die land;
- alle taksidermiese verwerking van wilde diere in die land;
- alle chemiese vangste van wilde diere in die land;
- alle voorvalle van wildstropery in die land, en;
- alle gevalle van vergiftiging van wilde diere in die land.

Duidelik wil en kan Suid-Afrikaners saamwerk om die renoster te bewaar en voort te bou op die bewaring-sukcesse wat in die verlede ten opsigte van hierdie diere behaal is.

Die feit dat die bewaring van die renoster op lewende diere gerig is, hoef nie oor geargumenteer te word nie. As die huidige stelsels van bewaring en beskerming wat in toepassing is nie so goed werk soos wat aanvanklik daarmee beplan is nie, moet daar sekerlik na ander bykomende en dalk beter wyses gesoek word om hierdie werklik gemeenskaplike nasionale doelwit (waarskynlik een van die wyniges) suksesvol ten uitvoere te bring. Binne enige argumentslyn is renosters, lewendig, egter beslis meer werd as dood.

'n Renosterkoei kan 2kg horing elke twee jaar produseer sonder om haar gedrag of vrugbaarheid te benadeel.

SAJWV FOKUS

SAJWV se fokus in hierdie verband is gerig op ondersteuning van die Wildlife Industry Trust se aksies in die daarstel en onderhoud van die gemelde verskillende databasisse waardeur pro-aktief, sinvolle bestuur van onder andere ons renosterbevolking bewerkstellig kan word.

Die redes hiervoor is eenvoudig. Voor ons eie huis nie in orde is in die bestuur van alle elemente van ons renosterbevolking nie, kan mens nie daarop aanspraak maak dat die verbod op die handel in renosterhoring opgehef moet word nie (waarskynlik ook nie die binnelandse moratorium op die jag van die diere nie). Dit is ook nie te veel van 'n intellektuele oefening om te verstaan dat die oes van die horing van 'n lewendige renoster op 'n volhoubare wyse aan die medisinale behoeftes van Oosterlinge kan voldoen nie.



Mens weet nie hoe die 70 renosters wat in die periode 2004 tot 2007 na China toe uitgevoer is, daar aangewend word nie. In hierdie periode is 235 dier uitgevoer, waarvan meer as die helfte na China (30%), Namibië (17%), en Swaziland (12%), uitgevoer is.

As daar nie renosters is wat gestroop kan word vir hulle horing nie, en die moratorium op die jag van renosters bly in plek, is die ge-oesde renosterhoring reeds 'n groot deel van die aanbod van die produk wat vir die mark beskikbaar is. Veral as die groot hoeveelhede renosterhoring wat in SANParke en die staat se veilige bewaring is, ook hierby in berekening gebring word (SANParke alleen het na bewering meer as 5,000 horings in veilige bewaring).

Indien 'n renoster 2-jaarlik 'n maksimum van R800,000 se waarde in horing kan produseer, is dit logies dat meer wildplaaseienaars die diere sal begin aankoop en gevolglik ook met hulle sal begin teel. Die toename in potensiaal vir oes van renosterhoring sal vir geruime tyd toeneem totdat markkragte en/of beskikbaarheid van grond om die diere op aan te hou die ewilbrium sal bepaal.

Derhalwe moet daar op die minste 'n ernstige poging aangewend word om eerstens alle renosters in die land se DNA by die Veterinêre Genetiese Laboratorium te Onderstepoort opgeteken en geberg te kry. Hierdie enkele aksie lei tot beter beheer oor die inteling van die diere en uiteindelik tot die onbetwiste kennis oor die oorsprong van elke renosterhoring wat uit Suid-Afrika afkomstig is. Hierdie aksie verg befondsing.

Hierna kan in die koördinerings met die inligting wat in die ander gemelde databasisse vervat is, daarop aanspraak gemaak word dat Suid-Afrika se renosterbevolking realis-

ties en verantwoordelik bestuur kan word (soos dit die geval is met die Suid-Afrikaanse reisesperdstoeterye).

Die resultaat van hierdie aksie lei daartoe dat die handel in renosterhoring gewettig sal kan word en die handel in die produk oopgestel sal kan word omdat die oorsprong van elke dier en elke horing positief bepaal sal kan word. Dit feit dat DNA direk na spesifieke diere en hulle oorsprong verwys, plaas verder ook 'n ernstige demper op stropery omdat dit die bewyslas in kriminele sake drasties vergemaklik en vervolging grootliks aan die hand werk.

Verantwoordelike en volhoubare benutting van ons renosters en hulle produk (hulle horing) is die enigste seker manier om die voortbestaan van die diere te verseker. Dis die enigste manier waarop renosters se waarde verseker kan word omdat daardie waarde dan aan die lewende dier gekoppel is.

Teen hierdie agtergrond word dit SAJWV se aanslag om alles in die styd te werp om ons renosters ten alle koste lewend te hou – daarom dan:

Rhinos Alive !

Verwysing:

Dr JG du Toit, bekende en hoogaangeskrewe natuulewe-veearts, het vroeg in 2011 'n reeks artikels oor hierdie onderwerp saamgestel. Die feite in die voorafgaande teks is met groot waardering uit hierdie reeks bekom asook uit navorsing wat Dr du Toit vir die WWF en namens die Veterinêre Stigting en Medisyne Beheerrad oor 'n aansienlike periode in hierdie verband afgehandel het.

